HORTGRO
Growing Fruit IQ

Tel +27 21 870 2900 - Fax +27 21 870 2915 - Email info@hortgro.co.za - Website www.hortgro.co.za
258 Main Street, PO Box 163, PAARL 7620 - Hoofstraat 258, Posbus 163, PAARL 7620
HORTGRO (Pty)Ltd (Edms)Bpk - Reg No 2005/010343/07

Persverklaring 7 Junie 2023

HORTGRO TOEKENNINGS 2023

Die gesogte Hortgro-toekennings ter ere van uitskieters van die sagtevrugtebedryf is gisteraand by STIAS, Stellenbosch, gehou. Dit is die eerste keer dat Hortgro die toekenningsfunksie in 'n nuwe formaat, met die fokus op die kern- en steenvrugbedrywe, hou. Om bedryfsleiers te vereer, is twee O.S.H. Reinecke Bedryfsleier-wenners, vir onderskeidelik 2022 en 2023, aangekondig.

Die wenners in die verskillende kategorieë was:

- Izethelo Media Toekenning: Brand Republic vir 'Meer as Grond'.
- Daan Strydom Navorsing en Tegniese Toekenning: Henk Griessel
- Hortgro Transformasie Toekenning: Wes-Kaap Departement van Landbou
- Hortgro Voorsitterstoekenning: Dr. Leon von Mollendorff
- 1662 Bedryfstoekenning: Joy van Biljon
- O.S.H. Reinecke Bedryfsleier 2022: Grant Smuts
- O.S.H. Reinecke Bedryfsleier 2023: Kobus Eigelaar

Hortgro Izethelo Media Toekenning: Brand Republic

Die produksiehuis, Brand Republic, het die Izethelo-toekenning vir die televisiereeks, Meer as Grond (VIA/kykNET), ontvang. Kykers het in-diepte gesprekke oor kritieke landboukwessies soos plaasveiligheid, droogte, energiekrisis, natuurlike hulpbronne, transformasie, waterskaarste en vele meer gevolg. Die program het ook ondersoek ingestel na wat Landbou vir ons land beteken en wat landbouers doen om voedselsekerheid- en veiligheid te verseker.

Die kwessies wat ondersoek is, was kompleks met eenvoudige antwoorde wat ontbreek. Hortgro is genader om programvoorstelle oor die sagtevrugtebedryf te maak. Die resultaat was vier topgehalte televisieprogramme oor verskeie kwessies binne die sagtevrugtebedryf. Die gehalte van televisie het die beeld van die bedryf verbeter en konstruktiewe betrokkenheid tussen die vrugtebedryf en die media verseker.

Directors: NDV Dicey (Chairman) – A Petersen - A Rabe (Executive Director) - AJ Smit - U Speirs

Daan Strydom Navorsings- en Tegniese Toekenning: Henk Griessel

Hortgro se eerste Daan Strydom Navorsings- en Tegniese prys is toegeken aan Henk Griessel ter erkenning en waardering van 'n loopbaan wat toegewy is aan die sagtevrugtebedryf op die gebied van na-oes kwaliteit van kernvrugte.

Griessel, gehalteversekeringsbestuurder by Tru-Cape, is beskryf as 'n ware bedryfsvennoot wat oor baie jare onvermoeid en onbaatsugtig leiding en belangrike tegniese en strategiese insette aan verskeie bedryfswerkgroepe en advieskomitees gelewer het. Hierdie insette het navorsingsbehoeftes en -prioriteite bepaal en gehelp het met die evaluering van die uitkomste en resultate van navorsingsprojekte.

Hortgro Transformasie Toekenning: Wes-Kaap Departement van Landbou

Transformasie gebeur nie in 'n vakuum nie. Oor baie jare was die Wes-Kaap Departement van Landbou (WKDL) daar om Hortgro se transformasie-inisiatiewe te ondersteun.

Van die oorspronklike “Boompie-projek” tot die onlangse “Jobs Fund Initiatives” was die WKDL altyd 'n gewaardeerde bedryfsvennoot. Die WKDL het ook gebruik gemaak van Hortgro se kapasiteit as implementeringsagent van die kommoditeitsbenadering – om sodoende swart ekonomiese bemagtiging deur die waardeketting te bevorder.

Sedert 2011 het die bedryf, in samewerking met die WKDL, R325 miljoen in ekonomiese ontwikkeling belê. 60% van die fondse het aan 100% swart bemagtiging gegaan, terwyl 40% na gedeelde ekwiteit gekanaliseer is. Suksesse sluit in armoedeverligting deur werkskepping wat bydra tot voedselsekerheid, verhoogde produksie en uitvoere en langtermyn volhoubare ekonomiese landelike ontwikkeling.

Die unieke vennootskap tussen Hortgro en die WKDL is 'n suksesresep en motivering vir soortgelyke inisiatiewe in ander provinsies, asook 'n model waarvolgens ander bedrywe se fondse geadministreer word. Met hierdie toekenning wil Hortgro graag erkenning gee aan die Wes-Kaapse Departement van Landbou vir hul toewyding en ondersteuning om transformasie in die sagtevrugtebedryf 'n ekonomies volhoubare werklikheid te maak.

Hortgro Voorsitterstoekenning: Dr. Leon Von Mollendorff

Dr. Leon von Mollendorff het vir etlike jare by die Landbounavorsingsraad (LNR) in verskeie leiersposisies gewerk, voordat hy in 2006 as die eerste hoofbestuurder van Culdevco aangestel is, waar hy tot sy aftrede in 2022 gedien het.

Sy navorsing: Na-oes faktore betrokke by die ontwikkeling van voosheid (woolliness) in nektariene word as baanbrekend beskou en hiervoor het hy spesiale erkenning van die Universiteit van Kalifornië in die VSA ontvang.

In die bedryf is Leon bekend as 'n uitstekende navorser, formidabele onderhandelaar, bemarker en iemand wat weet hoe om netwerke te bou. Sy werk as kultivarontwikkelaar word wêreldwyd hoog aangeskryf. Dit was 'n voorreg om saam met Leon te werk.

1662 Hortgro Bedryfstoekenning: Joy Van Biljon

Die 1662-toekenning herdenk die eerste twee appels wat in daardie jaar – 17 April om presies te wees – in die Kompanjiestuin aan die Kaap geoes is.

Joy van Biljon, een van die stigterslede van die Koue Bokkeveld Opleidingsentrum, ook bekend as KBOS, het 'n visie gehad om landbou deur opleiding te verander. Ná 20 jaar as KBOS se uitvoerende hoof het sy in 2020 uitgetree en die leisels aan Carmen Roberts oorhandig.

Haar nalatenskap het KBOS 'n baken van inspirasie en hoop in die landboubedryf gemaak – 'n sentrum wat deur ander streke en nywerhede beny word.

Oor etlike jare heen het Joy van Biljon 'n deurslaggewende rol gespeel om opleiding in die kommersiële sektor so te posisioneer dat dit ekonomies sin maak en diegene bemagtig wat opgelei word vir 'n loopbaan in die landbou.

Joy het ook 'n belangrike rol gespeel om die sagtevrugtebedryf te help, en spesifiek om Hortgro te adviseer en by te staan, om die opleidings- en ontwikkelingsafdeling te onderhou.

O.S.H. Reinecke Bedryfsleier 2022: Grant Smuts

Grant Smuts, steenvrugprodusent en eienaar van Smuts Bros. Robertson, dien sedert 1998 op die sagtevrugtebedryf se Navorsingsraad, later as voorsitter van Hortgro Wetenskap Adviesraad. Vandag lewer hy steeds waardevolle insette op die direksie as ondervoorsitter.

Grant dien ook op verskeie ander bedryfsrade en -komitees: direkteur van Hortgro Stone, asook 'n raadslid van die Inmaakvrugteprodusente-vereniging (IPV), en hy dien ook op die direksie van die Ashton Vrugteprodusente-Koöperatief – waar hy verlede jaar 'n leidende rol in onderhandelinge met Tiger Foods gespeel het.

Buiten dekade-lange diens aan die bedryf, is Grant ook 'n bedryfsleier in die Robertson-streek. Tydens onrus tussen buitelandse werkers in die Robertson-omgewing het Grant die gesprekke met die regering en ander belanghebbendes gelei.

Grant was oor baie dekades die vlagdraer vir die steenvrugbedryf. Hy is 'n groot voorstander van navorsing in goeie en slegte tye, 'n klankbord wat balanseer en altyd kalm wysheid saambring.

Benewens sy diens aan die bedryf, het hy ook sy eie landboubesigheid uitgebrei van 'n familieplaas na 'n mega-besigheid, waar hy bekend is daarvoor dat hy die belange van sy werkers waardeer.

Grant Smuts is 'n waardige en verdienstelike ontvanger van die O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekenning vir 2022.

O.S.H. Reinecke Bedryfsleier 2023: Kobus Eigelaar

Achtervlei-plaas op Piket-Bo-Berg is die tuiste van Kobus Eigelaar – kern- en steenvrugprodusent van statuur en onbaatsugtige gewer van sy tyd en leiding aan die gemeenskap en aan die bedryf.

Kobus dien al meer as dertig jaar op verskeie bedryfsrade. Hortgro Stone (voorheen SASPA) - 1997 tot hede. Hortgro Pome (voorheen SAAPPA) - sedert 2018 tot hede, sowel as 'n Culdevco-direkteur (2007 - 2022).

Kobus het die deregulering van die bedryf meegemaak, en hy verstaan dus die waarde van bedryfsorganisasies wat die gemeenskaplike belange van produsente moet beskerm en bevorder.

Ons ken Kobus as 'n reguit prater. Maar een "wat die kwessie ter tafel speel, nie die man nie". Hy is iemand wat sy medeprodusente se beste belange op die hart dra en in belang van die groter bedryf optree. Hy verstaan die internasionale handel en impak van geopolitiek en het oor die jare 'n belangrike bydrae gelewer om die produsent se winsgewendheid en mededingendheid deur kollektiewe aksies te verbeter.

Kobus is 'n voorstander en groot ondersteuner van navorsing en die ontwikkeling van tegnologie om produsente te help om meer volhoubaar te boer.

Dit is 'n groot eer om aan Kobus erkenning te gee vir al die jare van onbaatsugtige diens aan die bedryf. Kobus het al baie keer probeer aftree, net om weer deur die raad teruggeroep te word vir nog 'n termyn. Kobus Eigelaar is 'n waardige ontvanger van die O.S.H. Reinecke Bedryfsleier Toekenning vir 2023.